



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

Vol. 617

30 November
November 2016

No. 40456



N.B. The Government Printing Works will
not be held responsible for the quality of
“Hard Copies” or “Electronic Files”
submitted for publication purposes

ISSN 1682-5843



9 771682 584003



40456

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

IMPORTANT NOTICE:

THE GOVERNMENT PRINTING WORKS WILL NOT BE HELD RESPONSIBLE FOR ANY ERRORS THAT MIGHT OCCUR DUE TO THE SUBMISSION OF INCOMPLETE / INCORRECT / ILLEGIBLE COPY.

NO FUTURE QUERIES WILL BE HANDLED IN CONNECTION WITH THE ABOVE.

Contents

No.	Gazette No.	Page No.
-----	-------------	----------

GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**Police, Department of/ Polisie, Departement van**

1455	South African Police Service Act (68/1995): Proposed National Policing Standard For Municipal Police Services on the Use of Force in Effecting an Arrest.....	40456	4
1455	Wet op Suid-Afrikaanse Polisiediens (68/1995): Nasionale Standaard van Polisiëring vir Munisipale Polisiedienste oor die Gebruik van Geweld tydens Arrestasie.....	40456	17

GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTMENT OF POLICE

NO. 1455

30 NOVEMBER 2016

PROPOSED NATIONAL POLICING STANDARD FOR MUNICIPAL POLICE SERVICES ON THE USE OF FORCE IN EFFECTING AN ARREST

The proposed national policing standard for municipal police services is hereby published by the Acting National Commissioner in terms of section 64L of the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 of 1995) for general information and comment from interested parties. Interested parties are invited to submit comments on the proposed national policing standard within 60 days of the publication for the attention of the following person:

**Brigadier M van Rooyen
The Division: Legal and Policy Services
South African Police Service**

Email address: vanrooyenm@saps.gov.za; or

Fax number: 086 664 5226.

NATIONAL STANDARD OF POLICING FOR MUNICIPAL POLICE SERVICES ON THE USE OF FORCE IN EFFECTING AN ARREST

TABLE OF CONTENTS

CHAPTER 1:	BACKGROUND AND DEFINITIONS
CHAPTER 2:	GENERAL PRINCIPLES
CHAPTER 3:	WORDING OF SECTION 49
CHAPTER 4:	REQUIREMENTS FOR THE USE OF FORCE
CHAPTER 5:	MINIMUM FORCE AND PROPORTIONALITY
CHAPTER 6:	THE USE OF LETHAL FORCE
CHAPTER 7:	THE RESPONSIBILITY OF A COMMANDER AND THE REPORTING OF INCIDENTS

CHAPTER 1: BACKGROUND AND DEFINITIONS

1. Background

The purpose of this National Standard of Policing is to regulate the use of force by a member to effect the arrest of a suspect as provided for in section 49 of the *Criminal Procedure Act*.

2. Definitions

In this National Standard of Policing, unless the context indicates otherwise, —

- (a) “**authority to arrest**” means authority conferred by legislation to arrest a person;
- (b) “**commander**” means the member in charge of the office of the municipal police service;
- (c) “**Criminal Procedure Act**” means the *Criminal Procedure Act, 1977* (Act No. 51 of 1977);
- (d) “**force**” means any form of force which is applied to the body of a suspect and which is not of a trivial nature;
- (e) “**IPID**” means the Independent Police Investigative Directorate;

National Standard of Policing	The use of force in effecting an arrest
-------------------------------	---

- (f) "**IPID Act**" means the Independent Police Investigative Directorate Act, 2011 (Act No. 1 of 2011);
- (g) "**lethal force**" means any *force* which is likely to result in the death of the suspect and includes the use of a firearm to shoot at a suspect (irrespective of which body part of the *suspect* was aimed at) (also referred to as "*deadly force*");
- (h) "**member**" means a *member* of a municipal police service; and
- (i) "**suspect**" means a person reasonably suspected of having committed an offence.

CHAPTER 2: GENERAL PRINCIPLES

3. The use of force to effect an arrest and the use of force in private defence

The use of force to effect an arrest is clearly distinguishable from the use of force in **private defence**. A situation may arise in which, while a *member* attempts to arrest a suspect, the suspect (or someone else) threatens to immediately use force against the *member* or another person. In such a case, the *member* is entitled to act in **private defence** (use force) to protect himself, herself or the other person against the unlawful attack. However, the purpose of using force in these circumstances will be to protect himself, herself or the other person against the unlawful attack and not to arrest anyone. Section 49 of the *Criminal Procedure Act* will accordingly not apply. The rules of the common law relating to private defence will apply.

4. The authority to arrest and the manner of effecting an arrest

- (1) A *member* may only arrest a person if he or she has the authority (power) to arrest that person. Legislation (the *Criminal Procedure Act* in particular) authorises a *member* to effect the arrest of a person in certain limited circumstances. Every *member* must acquaint himself or herself with the legislation that empowers a *member* to arrest a person and must, in particular, make sure that he or she understands the circumstances outlined in the legislation that must be present before a person may be arrested.
- (2) The requirements for effecting a lawful arrest are dealt with in the National Standard of Policing on arrest and the treatment of an arrested person until such person is handed over to a community service centre commander of the South African Police Service. Only those aspects of arrest relating to the use of force are addressed in this National Standard of Policing.
- (3) Section 39(1) of the *Criminal Procedure Act* provides that an arrest shall be effected with or without a warrant and *unless the person to be arrested submits to custody*, by actually touching his or her body or, if the circumstances so require, by forcibly confining his or her body.

- (4) Although section 39(1) authorises a *member* to “*forcibly confine*” the body of a person in the process of arresting the person, this is only permissible if the person **does not submit to custody and circumstances so require**. Later in court, a *member* may be required to explain the circumstances that were present, which required him or her to “*forcibly confine*” the body of the person that he or she was arresting. Such circumstances may include the person attempting to evade the arrest by running away, verbally threatening, portraying threatening conduct, etc.
- (5) Section 39(1) therefore empowers a member to use force to effect an arrest in certain limited circumstances only. The purpose of using *force* must be “*to confine*” the body of the person to be arrested and may only be used if that person **does not submit himself or herself to custody and circumstances** require that *force* be used. A *member* who uses *force* for any other purpose (such as to punish or teach the suspect a lesson), may himself or herself be guilty of an offence, such as assault, assault GBH, attempted murder, etc.
- (6) It is obvious that section 39(1) of the *Criminal Procedure Act* envisages that **no force** will normally be required or be necessary to effect an arrest. However, in those limited circumstances in which *force* is necessary “*to confine*” the body of the person to be arrested, the purpose of using *force* **may only be to confine the body of the person to be arrested**. The use of *force* for any other purpose is accordingly not permissible (unlawful). Once the *suspect’s* body has been confined, the use of *force* must immediately stop.
- (7) Section 39(1) authorises the use of force in order to confine the body of a person to be arrested. Section 39(1) of the *Criminal Procedure Act* does not authorise the use of a firearm. Section 49 of the *Criminal Procedure Act* applies to the use of a firearm.

CHAPTER 3: WORDING OF SECTION 49

Section 49 of the *Criminal Procedure Act* reads as follows:

"Use of force in effecting arrest

- (1) *For the purposes of this section –*
 - (a) *'arrestor' means any person authorised under this Act to arrest or to assist in arresting a suspect;*
 - (b) *'suspect' means any person in respect of whom an arrestor has a reasonable suspicion that such person is committing or has committed an offence; and*
 - (c) *'deadly force' means force that is likely to cause serious bodily harm or death and includes, but is not limited to, shooting at a suspect with a firearm.*
- (2) *If any arrestor attempts to arrest a suspect and the suspect resists the attempt or flees or resists the attempt and flees, when it is clear that an attempt to arrest him or her is being made, and the suspect cannot be arrested without the use of force, the arrestor may, in order to effect the arrest, use such force as may be reasonably necessary and proportional in the circumstances to overcome the resistance or to prevent the suspect from fleeing but, in addition to the requirement that the force must be reasonably necessary and proportional in the circumstances, the arrestor may use deadly force only if –*
 - (a) *the suspect poses a threat of serious violence to the arrestor or any other person; or*
 - (b) *the suspect is suspected on reasonable grounds of having committed a crime involving the infliction or threatened infliction of serious bodily harm and there are no other reasonable means of effecting the arrest, whether at that time or later."*

CHAPTER 4: REQUIREMENTS FOR THE USE OF FORCE

5. Prerequisites for the use of force

- (1) Section 49 of the *Criminal Procedure Act* provides that force may only be applied to a person *if it is clear that an attempt to arrest him or her is being made*. Section 49 therefore requires that it must be "clear" to the *suspect* that an attempt to arrest him or her is being made.
- (2) The section does not stipulate how it should be made clear to the *suspect* that an attempt to arrest him or her is being made. The section merely requires that it should be made clear to the *suspect* that an attempt to arrest him or her is being made. Insofar as this may be reasonably possible, a person attempting to arrest the *suspect* must verbally inform the *suspect* that an attempt is being made to arrest him or her. (Words such as "**STOP, POLICE!**" will usually be sufficient.)
- (3) Force may only be used if the *suspect resists the attempt or flees or resists the attempt and flees*. The degree of resistance that the *suspect* offers will usually determine the degree of force that may be applied to overcome the resistance and to prevent the *suspect* from fleeing. Usually, grabbing the *suspect* and pinning him or her to the ground should be sufficient to confine the body of the *suspect*.
- (4) The circumstances must be such that *the suspect cannot be arrested without the use of force*. A *member* may be required in court to explain what the circumstances were that made it impossible to arrest the *suspect* without the use of force.
- (5) Force may only be used after the *suspect* has been warned that force will be used unless he or she stops the resistance or attempts to flee, but fails or *refuses* to do so.
- (6) The only exception is where the unlawful action immediately endangers the life of a person or persons and requires immediate action.

CHAPTER 5: MINIMUM FORCE AND PROPORTIONALITY

6. Minimum force reasonable in the circumstances

- (1) In terms of section 13(3)(b) of the South African Police Service Act, where a member is authorised by law to use *force*, only the minimum *force* which is reasonable in the circumstances may be used.
- (2) This principle entails that the desired objective with the use of the *force* (ie to effect the arrest, overcome the resistance to the arrest, or stop the *suspect* from fleeing or to protect life or property) and the means (the person or persons and the equipment available) to achieve the desired objective, must be considered.
- (3) Where it is reasonably foreseeable that a specific duty may require the use of *force* (such as an arrest where a warrant has been obtained) or the control of a gathering, an assessment of the risk must be made before performing the duty. Adequate personnel and equipment must, as far as reasonably possible, be deployed to ensure that the duty can be performed with the use of the minimum *force*. All the surrounding circumstances must be considered, such as the place where the duty is to be performed, the *suspects* likely to be encountered, whether they will be armed, travelling in a motor vehicle or on foot, etc.
- (4) If a *suspect* is encountered during the performance of routine duties, alternatives to obtain the desired aim must be considered (to illustrate: if a *suspect* flees, but is known to the *member*, it is not necessary to use *force* to arrest him or her if he or she can safely be arrested later). If the use of *force* is inevitable in order to obtain the desired aim, the minimum *force* must be used and the use of *force* must be discontinued as soon as the aim has been achieved. It is, for instance, not permissible to beat a *suspect* who merely offers passive resistance or to continue handling a *suspect*, who offers forceful resistance, roughly, but becomes subdued after the minimum *force* or another form of persuasion has been used. *Members* are expected to behave in a professional manner and are expected to not lose their tempers.

National Standard of Policing	The use of force in effecting an arrest
-------------------------------	---

- (5) Force must always be used with the greatest circumspection. If force is used, *members* are expected to exercise self-control, patience and restraint, and consider all options before resorting to physical violence. The killing of a *suspect* is dealt with separately in Chapter 6. It is, however, important to always keep in mind that the use of force might result in the death of a *suspect*. The *IPID* will investigate all deaths resulting from police action in terms of section 28(1)(a) and (b) of the *IPIP Act*. Should it be established that the death of a *suspect* resulted from the negligence of a *member*, such *member* and, in appropriate circumstances, the commander of such a *member*, may be criminally prosecuted.

7. Proportionality

- (1) The proportionality requirement involves a shift in emphasis. In the past, the law did not require that the harm done to reach the objective with the use of the *force* should be proportional in the circumstances. This has changed, proportionality will now always form part of the test to determine whether the *force* that was actually used in a specific instance, was legally permissible.
- (2) In exercising their powers, functions and duties, *members* are not allowed to indiscriminately use *force* to achieve even a legally permissible objective, but must ensure that the harm which may result from the use of the *force*, will be proportional in all the circumstances. This includes the seriousness and nature of the offence in respect of which the *suspect* is to be arrested, the conduct of the *suspect*, including any threats that the *suspect* makes, etc.
- (3) If the crime is not serious, such as crossing a road in violation of the rules of the road (jaywalking) or illegal parking, it is not permissible to use *force* to arrest the *suspect*, unless other circumstances, such as the conduct of the *suspect*, requires the use of that degree of *force* (the minimum *force*) necessary to confine his or her body.

National Standard of Policing	The use of force in effecting an arrest
(4)	If the crime is of a more serious nature, such as theft or damage to property, the minimum <i>force</i> necessary to effect the arrest, may be used.
(5)	Circumstances could, however, rapidly change and <i>members</i> must continuously consider and re-evaluate the circumstances, and act accordingly.

CHAPTER 6: THE USE OF LETHAL FORCE

8. Use of lethal force

- (1) The use of force to effect an arrest, which may result in the death of the suspect, will only be justifiable under the circumstances provided for in section 49 of the *Criminal Procedure Act*. The Constitution provides that "every person shall have the right to life".
- (2) Section 49(2) of the *Criminal Procedure Act* provides that "*in addition to the requirement that the force must be reasonably necessary and proportional in the circumstances, the arrestor may use deadly force only if—*
(a) the suspect poses a threat of serious violence to the arrestor or any other person; or
(b) the suspect is suspected on reasonable grounds of having committed a crime involving the infliction or threatened infliction of serious bodily harm and there are no other reasonable means of effecting the arrest, whether at that time or later."
- (3) Section 49(1) of the *Criminal Procedure Act* defines "**deadly force**" as "**force that is likely to cause serious bodily harm or death and includes, but is not limited to, shooting at a suspect with a firearm.**"
- (4) Although section 49 addresses the justifiable killing of a suspect during the process of an arrest, attempted arrest or fleeing from arrest, the principles contained in the section will always be applicable where force is used, which might result in the death of a suspect. Thus, irrespective of the circumstances, lethal force may only be used where it would be justifiable in terms of section 49 of the *Criminal Procedure Act*.
- (5) In the case of crimes against property, *irrespective of the value of the property*, the use of *lethal force* in order to effect an arrest will never be permissible. Property can never be more valuable than the life of a human being.

CHAPTER 7: THE RESPONSIBILITY OF A COMMANDER AND THE REPORTING OF INCIDENTS

9. Commanders' responsibilities

- (1) Every *commander* is responsible to ensure that all *members* under his or her command are properly trained in the principles relating to the use of *force*.
- (2) Taking into account the principles contained in this National Standard of Policing and the equipment available, all *commanders* must ensure that contingency plans on the use of *force* are developed for the routine duties of *members* under their command. Whenever it is practically possible, the use of *force* should be planned in every instance where it is foreseeable that a specific duty may necessitate the use of *force*.
- (3) The contingency plan on the use of *force* by *members* during routine duties must reflect a careful and thorough consideration of the situations, which experience has taught will likely be encountered in the performance of the duties. *Members* must be trained and periodically retrained in the contingency plans at local level and the use of *force* in general, to ensure that this National Standard of Policing is adhered to.
- (4) A copy of the contingency plan must be provided to the Executive Head of the municipal police service and a copy must be provided to the relevant Provincial Commissioner of the South African Police Service.

10. Reporting

- (1) If any person dies or is injured as a result of an official firearm being discharged by a *member*, the responsible *member* must —
 - (a) immediately inform his or her *commander* and the police station of the area in which the incident had occurred;
 - (b) safeguard the scene where the incident had occurred until members of the South African Police Service arrive;
 - (c) provide or secure appropriate medical attention for any injured person; and

National Standard of Policing	The use of force in effecting an arrest
-------------------------------	---

- | |
|---|
| (d) ensure that <i>IPID</i> is notified of the incident, as required by the <i>IPID Act</i> . |
|---|
- (2) The *commander* or other senior officer of the municipal police service must respond to the scene, and notify the nearest police station.

DEPARTEMENT VAN POLISIE

NO. 1455

30 NOVEMBER 2016

**NASIONALE STANDAARD VAN POLISIËRING VIR MUNISIPALE
POLISIEDIENSTE OOR DIE GEBRUIK VAN GEWELD TYDENS ARRESTASIE**

Die voorgestelde nasionale standaard van polisiëring vir munisipale polisiedienste word hiermee kragtens artikel 64L van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995) deur die Waarnemende Nasionale Kommissaris vir algemene inligting en kommentaar van belangstellende partye gepubliseer. Belangstellende party word uitgenooi om kommentaar te lewer op die voorgestelde nasionale standaard binne 60 dae vanaf die publikasie vir aandag van die volgende persoon:

Brigadier M van Rooyen
Die Afdeling: Regs- en Beleidsdienste
Suid-Afrikaanse Polisiediens

Epos: vanrooyenm@saps.gov.za; of

Faksnommer: 086 664 5226.

NASIONALE STANDAARD VAN POLISIËRING VIR MUNISIPALE POLISIEDIENSTE OOR DIE GEBRUIK VAN GEWELD TYDENS ARRESTASIE

INHOUDSOPGawe

- HOOFSTUK 1: AGTERGROND EN WOORDOMSKRYWINGS**
- HOOFSTUK 2: ALGEMENE BEGINSELs**
- HOOFSTUK 3: BEWOORDING VAN ARTIKEL 49**
- HOOFSTUK 4: VEREISTES VIR DIE GEBRUIK VAN GEWELD**
- HOOFSTUK 5: MINIMUM GEWELD EN PROPORSIONALITEIT**
- HOOFSTUK 6: DIE GEBRUIK VAN DODELICHE GEWELD**
- HOOFSTUK 7: DIE VERANTWOORDELICHED VAN 'N BEVELVOERDER EN
DIE AANMELDING VAN VOORVALLE**

HOOFSTUK 1: AGTERGROND EN WOORDOMSKRYWINGS

1. AGTERGROND

Die doel van hierdie Nasionale Standaard is om die gebruik van *geweld* deur 'n *lid* tydens arrestasie van 'n *verdagte* te reguleer, soos beoog in artikel 49 van die *Strafproseswet*.

2. WOORDOMSKRYWINGS

In hierdie Nasionale Standaard, tensy die konteks anders aandui, beteken —

- (a) "**bevelvoerder**" die *lid* in beheer van die kantoor van die municipale polisiediens;
- (b) "**bevoegdheid om te arresteer**" die magtiging verleen deur wetgewing om 'n persoon te arresteer;
- (c) "**dodelike geweld**" enige *geweld* wat waarskynlik tot die dood van die *verdagte* sal lei en sluit in die gebruik van 'n vuurwapen om op 'n *verdagte* te skiet (ongeag die deel van die liggaam van die *verdagte* waarop gemik is);
- (d) "**geweld**" enige vorm van *geweld* wat op die liggaam van 'n *verdagte* toegepas word en wat nie van 'n onbenullige aard is nie;
- (e) "**lid**" 'n *lid* van 'n municipale polisiediens;

Nasionale Standaard van Polisiëring	Die gebruik van geweld tydens arrestasie
--	---

- (f) “**OPOD**” die Onafhanklike Polisie Klagtedirektaat;
- (g) “**OPOD-Wet**” die “Independent Police Investigative Directorate Act, 2011 (Act No. 1 of 2011)”;
- (h) “**Strafproseswet**” die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977); en
- (i) “**verdagte**” ‘n persoon wat redelikerwys vermoed word ‘n misdryf pleeg of gepleeg het.

HOOFTUK 2: ALGEMENE BEGINSELS

3. Die gebruik van geweld om 'n arresteer uit te voer en die gebruik van geweld in noodweer

Die gebruik van *geweld* om 'n arrestasie uit te voer is duidelik onderskeibaar van die gebruik van *geweld* in *noodweer*. 'n Situasie kan ontstaan waarin, terwyl die *lid* poog om 'n *verdagte* te arresteer, die *verdagte* (of iemand anders) dreig om onmiddellike *geweld* teen die *lid* of 'n ander persoon te gebruik. In so 'n geval is die *lid* geregtig om in *noodweer* (gebruik van *geweld*) op te tree om homself, haarself of iemand anders teen die onregmatige aanval te beskerm. Die doel van die gebruik van *geweld* in sodanige omstandighede is egter om homself, haarself or iemand anders teen die onregmatige aanval te beskerm en nie om iemand te arresteer nie. Artikel 49 van die *Strafproseswet* sal derhalwe nie geld nie. Die gemeenregtelike reëls in verband met noodweer sal geld.

4. Die bevoegdheid om te arresteer en die wyse waarop 'n arrestasie uitgevoer word

- (1) 'n *Lid* mag slegs 'n persoon arresteer indien hy of sy die bevoegdheid het om daardie persoon te arresteer. Wetgewing (die *Strafproseswet* in besonder) magtig 'n *lid* om 'n persoon in bepaalde beperkte omstandighede te arresteer. Elke *lid* moet homself of haarself vergewis van die wetgewing wat 'n *lid* magtig om 'n persoon te arresteer en moet, in die besonder, seker maak dat hy of sy die omstandighede begryp wat in wetgewing uiteengesit word wat teenwoordig moet wees alvorens 'n persoon gearresteer mag word.
- (2) Die vereistes vir die uitvoering van 'n regmatige arrestasie word hanteer in die Nasionale Standaard van Polisiëring oor arrestasie en die behandeling van 'n gearresteerde persoon totdat sodanige persoon aan 'n gemeenskapsdiensentrumbevelvoerder van die Suid-Afrikaanse Polisiediens oorhandig word. Alleenlik daardie aspekte van arrestasie wat handel oor die gebruik van die *geweld*, word in hierdie Municipale Standaard aangespreek.

Nasionale Standaard van Polisiëring	Die gebruik van geweld tydens arrestasie
(3)	Artikel 39(1) van die <i>Strafproseswet</i> bepaal dat arrestasie (inhegenisneming) met of sonder 'n lasbrief uitgevoer kan word en, <i>tensy die persoon wat in hegtenis geneem staan te word, hom of haar aan bewaring onderwerp</i> , deur sy of haar liggaam werklik aan te raak of, indien die omstandighede dit vereis, deur sy of haar liggaam met <i>geweld</i> in bedwang te bring.
(4)	Hoewel artikel 39(1) 'n <i>lid</i> magtig om die liggaam van 'n persoon "met geweld in bedwang te bring" tydens die poging om die persoon te arresteer, is dit slegs toelaatbaar indien die persoon hom of haar nie aan die bewaring onderwerp nie en die omstandighede dit vereis . Daar kan van 'n <i>lid</i> verwag word om later in die hof die omstandighede wat geheers het, te verduidelik en wat vereis het dat hy of sy die persoon wat hy of sy gearresteer het "met geweld in bedwang moes bring". Sodanige omstandighede kan insluit dat die persoon gepoog het om die arrestasie vry te spring deur byvoorbeeld weg te hardloop, dreigende optrede ten toon te stel of dreigemente te maak.
(5)	Artikel 39(1) derhalwe magtig 'n <i>lid</i> om slegs <i>geweld</i> te gebruik in sekere beperkte omstandighede om 'n arrestasie uit te voer. Die doel van die gebruik van <i>geweld</i> moet wees om die liggaam van die persoon wat gearresteer sal word " in bedwang te bring " en dit mag slegs gebruik word indien daardie persoon <i>hom of haar nie aan bewaring onderwerp nie en die omstandighede vereis dat geweld gebruik moet word</i> . 'n <i>Lid</i> wat <i>geweld</i> vir enige ander doel gebruik (soos om die verdagte te straf of 'n les te leer), kan skuldig wees aan 'n misdryf soos aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer, poging tot moord ens.
(6)	Dit is voor die hand liggend dat artikel 39(1) van die <i>Strafproseswet</i> beoog dat geen geweld gewoonlik vereis word of nodig sal wees nie om 'n arrestasie uit te voer. In daardie beperkte omstandighede waar <i>geweld</i> wel nodig is om die liggaam van die persoon wat gearresteer sal word " in bedwang te bring ", mag die doel van die gebruik van <i>geweld</i> slegs wees om die liggaam van die persoon wat gearresteer sal word "in bedwang te bring" . Die gebruik van <i>geweld</i>

Nasionale Standaard van Polisiëring**Die gebruik van geweld tydens arrestasie**

vir enige ander doel word derhalwe nie toegelaat nie (onregmatig). Wanneer die liggaam van die *verdagte in bedwang gebring is*, moet die gebruik van *geweld* onmiddellik stop.

- (7) Artikel 39(1) magtig die gebruik van *geweld* ten einde die liggaam van die persoon wat gearresteer word, in bedwang te bring. Artikel 39(1) van die *Strafproseswet* magtig egter nie die gebruik van 'n vuurwapen nie. Artikel 49 van die *Strafproseswet* geld waar 'n vuurwapen gebruik word.

HOOFSTUK 3: BEWOORDING VAN ARTIKEL 49

Artikel 49 van die *Strafproseswet* bepaal as volg:

"Gebruik van geweld by inhegtenisneming"

- (1) *Vir die doeleindes van hierdie artikel beteken —*
 - (a) *"arresteerder" 'n persoon wat ingevolge hierdie Wet gemagtig is om 'n verdagte in hegtenis te neem of om met sy of haar inhegtenisneming behulpsaam te wees;*
 - (b) *"verdagte" 'n persoon ten opsigte van wie 'n arresteerder 'n redelike vermoede het dat sodanige persoon 'n misdryf gepleeg het; en*
 - (c) *"dodelike geweld" geweld wat waarskynlik ernstige liggaamlike besering of dood kan meebring, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, die skiet op 'n persoon met 'n vuurwapen.*

- (2) *Indien 'n arresteerder poog om 'n verdagte in hegtenis te neem en die verdagte hom of haar teen die poging verset, of vlug, of hom of haar teen die poging verset en vlug, wanneer dit duidelik is dat 'n poging aangewend word om hom of haar in hegtenis te neem, en die verdagte nie sonder die aanwending van geweld in hegtenis geneem kan word nie, kan die arresteerder, ten einde die inhegtenisneming uit te voer, die geweld gebruik wat redelikerwys nodig en proporsioneel in die omstandighede is om die verset te bowe te kom of om die verdagte te verhinder om te vlug, maar, bykomstig by die vereiste dat die geweld redelickerwys nodig en proporsioneel in die omstandighede moet wees, mag die arresteerder dodelike geweld slegs gebruik indien —*
 - (a) *die verdagte 'n bedreiging van ernstige geweld teenoor die arresteerder of 'n ander persoon inhou; of*
 - (b) *die arresteerder op redelike gronde vermoed dat die verdagte 'n misdryf gepleeg het wat die toediening of dreigende toediening van ernstige liggaamlike besering behels het en daar geen ander redelike manier is waarop die inhegtenisneming, hetsy op daardie tydstip of later, uitgevoer kan word nie."*

HOOFTUK 4: VEREISTES VIR DIE GEBRUIK VAN GEWELD

5. Voorvereistes vir die gebruik van geweld

- (1) Artikel 49 van die *Strafproseswet* bepaal dat *geweld* slegs op 'n persoon gebruik mag word indien ***dit duidelik is dat 'n poging aangewend word om hom of haar te arresteer (in hegtenis te neem)***. Artikel 49 vereis derhalwe dat dit "duidelik" vir die *verdagte* moet wees dat 'n poging aangewend word om hom of haar te arresteer.
- (2) Die artikel bepaal nie hoe dit duidelik aan die *verdagte* gemaak moet word dat 'n poging aangewend word om hom of haar te arresteer nie. Die artikel vereis bloot dat dit duidelik gemaak moet word aan die *verdagte* dat 'n poging aangewend word om hom of haar te arresteer. Indien dit redelikerwys moontlik is, moet die persoon wat poog om die *verdagte* te arresteer, die *verdagte* mondelings inlig dat daar 'n poging aangewend word om hom of haar te arresteer. (Woorde soos "**STOP, POLISIE!**" sal gewoonlik voldoende wees.)
- (3) *Geweld* mag slegs gebruik word indien die *verdagte* teen die *poging om hom of haar te arresteer verset of vlug of verset en vlug*. Die mate van verset wat deur die *verdagte* gebied word sal gewoonlik bepaal watter mate van *geweld* gebruik mag word om die verset die hoof te bied en om te verhoed dat die *verdagte* vlug. Gewoonlik is dit voldoende om die *verdagte* te gryp en teen die grond vas te druk ten einde die liggaam van die *verdagte* in bedwang te bring.
- (4) Die omstandighede moet van so 'n aard wees dat ***die verdagte nie sonder die gebruik van geweld gearresteer kan word nie***. Daar kan van 'n lid verwag word om in die hof te verduidelik wat die omstandighede was wat dit onmoontlik gemaak het om die *verdagte* sonder die gebruik van *geweld* te arresteer.
- (5) *Geweld* kan slegs gebruik word nadat die *verdagte* gewaarsku is dat *geweld* gebruik sal word tensy hy of sy ophou om hom of haar te verset

Nasionale Standaard van Polisiëring**Die gebruik van geweld tydens arrestasie**

of poog om te vlug, maar versuim of weier om dit te doen.

- (6) Die enigste uitsondering is waar die onregmatige optrede onmiddellik die lewe van 'n persoon of persone in gevaar stel en onmiddellike optrede noodsaak.

HOOFSTUK 5: MINIMUM GEWELD EN PROPOR-SIONALITEIT

6. Minimum geweld wat redelik is in die omstandighede

- (1) Ingevolge artikel 13(3)(b) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens mag slegs minimum geweld gebruik word wat redelik is in die omstandighede en die gebruik van sodanige geweld moet regtens gemagtig wees.
- (2) Hierdie beginsel vereis dat die beoogde doel met die gebruik van die geweld (naamlik om die arrestasie uit te voer, die verset teen die arrestasie die hoof te bied of om te verhoed dat die verdagte vlug of om lewe en eiendom te beskerm) en die middelle (die persoon of personele en die toerusting wat beskikbaar is) om die verwagte doel te bereik, moet oorweeg word.
- (3) Waar dit redelikerwys voorsien word dat 'n bepaalde plig kan vereis dat geweld gebruik moet word (soos 'n arrestasie waar 'n lasbrief bekom is) of die beheer van 'n optog, moet 'n risiko-evaluering gemaak word voor die verrigting van die pligte. Voldoende personeel en toerusting moet, sover as wat redelik moontlik is, ontplooい word om te verseker dat die pligte verrig kan word met die gebruik van die minimum geweld. Al die omliggende omstandighede moet oorweeg word, soos die plek waar die pligte verrig sal word, die verdagtes wat waarskynlik aangetref sal word, of hulle gewapen sal wees, met 'n voertuig sal reis of per voet ens.
- (4) Indien 'n verdagte aangetref word tydens die verrigting van roetine pligte, moet alternatiewe oorweeg word om die beoogde doel te bereik (ter illustrasie: indien 'n verdagte vlug, maar aan die lid bekend is, is dit nie nodig om geweld te gebruik om hom of haar te arresteer indien hy of sy later met veiligheid gearresteer kan word nie). Indien die gebruik van geweld onafwendbaar is om die beoogde doel te bereik, moet die minimum geweld gebruik word en die gebruik van die geweld moet gestaak word sodra die doel bereik is. Dit is, byvoorbeeld, nie

Nasionale Standaard van Polisiëring	Die gebruik van geweld tydens arrestasie
-------------------------------------	--

toelaatbaar om 'n *verdagte* te slaan wat bloot passiewe weerstand bied of om voort te gaan om 'n *verdagte*, wat geweldadige weerstand bied, handhandig te behandel nadat hy of sy hom of haar onderwerp na die gebruik van minimum *geweld* of 'n ander vorm van oortuiging nie. Daar word van *lede* verwag om op 'n professionele wyse op te tree en om nie hulle humeur te verloor nie.

- (5) *Geweld* moet altyd met die grootste omsigtigheid gebruik word. Indien *geweld* gebruik word, word daar van *lede* verwag om selfbeheersing en geduld toe te pas, en om alle opsies te oorweeg voordat daar van fisiese *geweld* gebruik gemaak word. Die doodmaak van 'n *verdagte* word apart in Hoofstuk 6 behandel. Dit is egter belangrik om altyd in gedagte te hou dat die gebruik van *geweld* tot die dood van 'n *verdagte* kan lei. Die OPOD sal alle sterfes wat voortspruit uit polisieoptrede ingevolge artikel 28(1)(a) en (b) van die OPOD-Wet, ondersoek. Indien daar vasgestel word dat die dood van 'n *verdagte* deur die nalatigheid van 'n *lid* veroorsaak word, kan sodanige *lid* en, in gepaste omstandighede, die *bevelvoerder* van so 'n *lid*, strafregtelik aangekla word.

7. Proporsionaliteit

- (1) Die proporsionaliteitsvereiste behels 'n klemverskuiwing. In die verlede het die reg nie vereis dat die leed wat veroorsaak word om die doel te bereik deur die gebruik van die *geweld* proporsioneel moet wees in die omstandighede nie. Dit het verander en proporsionaliteit sal nou altyd deel vorm van die toets om te bepaal of die *geweld* wat in werklikheid in 'n bepaalde geval gebruik is, regtens toelaatbaar was.
- (2) In die uitvoering van die bevoegdhede, funksies en pligte, word *lede* nie toegelaat om blindelings *geweld* te gebruik selfs om 'n regmatige doelwit te bereik nie, want daar moet verseker word dat die leed wat veroorsaak kan word deur die gebruik van die *geweld*, proporsioneel moet wees in al die omstandighede. Dit sluit in die erns en aard van die misdryf ten opsigte waarvan die *verdagte* gearresteer word, die gedrag van die *verdagte*, insluitende enige dreigement wat die *verdagte* maak, ens.

Nasionale Standaard van Polisiëring**Die gebruik van geweld tydens arrestasie**

- (3) Indien die misdryf nie ernstig is nie, soos die kruising van 'n straat in stryd met die padreëls (bontloper) of onwettige parkering, is dit nie toelaatbaar om *geweld* te gebruik om die *verdagte* te arresteer nie, tensy ander omstandighede, soos die gedrag van die *verdagte*, daardie mate van *geweld* regverdig (die minimum *geweld*) wat nodig is om sy of haar liggaam in bedrang te bring.
- (4) Indien die misdryf van 'n meer ernstige aard is, soos diefstal of saakbeskadiging, kan die minimum *geweld* wat nodig is om die arrestasie uit te voer, gebruik word.
- (5) Omstandighede kan egter vinnig verander en *lede* moet voordurend die omstandighede hoorweeg en dienooreenkomsdig optree.

HOOFSTUK 6: DIE GEBRUIK VAN DODELIKE GEWELD

8. Gebruik van dodelike geweld

- (1) Die gebruik van *geweld* om 'n arrestasie uit te voer, wat mag lei tot die dood van die *verdagte*, sal slegs geregverdig wees in die omstandighede waarvoor in artikel 49 van die *Strafproseswet* voorsiening gemaak is. Die Grondwet verklaar "elkeen het die reg op lewe".
- (2) Artikel 49(2) van die *Strafproseswet* bepaal dat "***bykomstig by die vereiste dat die geweld redelikenwys nodig en proporsioneel in die omstandighede moet wees, mag die arresteerder dodelike geweld slegs gebruik indien —***
 - (a) ***die verdagte 'n bedreiging van ernstige geweld teenoor die arresteerder of 'n ander persoon inhou; of***
 - (b) ***die arresteerder op redelike gronde vermoed dat die verdagte 'n misdryf gepleeg het wat die toediening of dreigende toediening van ernstige liggaamlike besering behels het en daar geen ander redelike manier is waarop die inhegtenisneming, hetsy op daardie tydstip of later, uitgevoer kan word nie.***
- (3) Artikel 49(1) van die *Strafproseswet* omskryf "***dodelike geweld***" as "*geweld wat waarskynlik ernstige liggaamlike besering of dood kan meebring, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, die skiet op 'n persoon met 'n vuurwapen.*"
- (4) Hoewel artikel 49 geregverdig doding van 'n *verdagte* gedurende arrestasie, poging tot arrestasie of vlug van die arrestasie aanspreek, sal die beginsel vervat in die artikel altyd van toepassing wees waar *geweld* gebruik word wat mag lei tot die dood van 'n *verdagte*. Derhalwe, ongeag die omstandighede, mag *dodelike geweld* slegs gebruik word waar dit ingevolge artikel 49 regverdig kan word.
- (5) In die geval van misdade teen eiendom, *ongeag wat die waarde van die eiendom is*, sal die gebruik van *dodelike geweld* ten einde te arresteer nooit toelaatbaar wees nie. Daar kan nooit aan eiendom meer waarde geheg word as die lewe van 'n persoon nie.

HOOFSTUK 7: DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN 'N BEVELVOERDER EN DIE AANMELDING VAN VOORVALLE

9. Die verantwoordelikhede van bevelvoerders

- (1) Elke *bevelvoerder* is verantwoordelik om te verseker dat alle *lede* onder sy of haar bevel behoorlik opgelei is in die beginsels in verband met die gebruik van *geweld*.
- (2) Inaggenome die beginsels wat in hierdie Nasionale Standaard van Polisiëring vervat word en die toerusting wat beskikbaar is, moet alle *bevelvoerders* verseker dat gebeurlikheidsplanne oor die gebruik van *geweld* ontwikkel word vir die roetine pligte van *lede* onder hulle bevel ontwikkel word. Waar dit prakties moontlik is, moet die gebruik van *geweld* in elke geval waar daar voorsien word dat 'n bepaalde verpligting die gebruik van *geweld* mag noodsaak, beplan word.
- (3) Die gebeurlikheidsplan oor die gebruik van *geweld* deur *lede* tydens roetine pligte moet 'n versigtige en deurdagte corwegining van die situasies weerspieël, wat volgens ondervinding waarskynlik tydens die uitvoering van die pligte kan opduik. *Lede* moet op plaaslikevlak in die gebeurlikheidsplanne en die gebruik van *geweld* in die algemeen opgelei word en van tyd-tot-tyd heropgelei word om te verseker dat hierdie munisipale standaard nagekom word.
- (4) 'n Afskrif van die gebeurlikheidsplan moet aan die uitvoerende hoof van die munisipale polisiediens verskaf word en 'n afskrif moet aan die betrokke Provinciale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens oorhandig word.

10. Aanmelding

- (1) Indien enige persoon sterf of beseer word weens die afvuur van 'n amptelike vuurwapen deur 'n *lid*, moet die verantwoordelike *lid*—
 - (a) onmiddellik sy of haar *bevelvoerder* en die polisiestasie in die area waarin die voorval plaasgevind het, inlig;
 - (b) die toneel beveilig waar die voorval plaasgevind het totdat lede

Nasionale Standaard van Polisiëring**Die gebruik van geweld tydens arrestasie**

- van die Suid-Afrikaanse Polisiediens opdaag;
- (c) gepaste mediese behandeling aan enige beseerde persoon toedien of verseker; en
 - (d) toesien dat OPOD van die voorval in kennis gestel word, soos wat deur die *OPOD-Wet* vereis word.
- (2) Die *bevelvoerder* of ander senior beampte van die munisipale polisiediens moet reageer op die voorval en die naaste polisiestasie daarvan in kennis stel.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065